

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:**

**Universiteit:**

**Meesters:**  **Doktoraal:**  **Postdok:**

**Studierigting:**

**Titel van proefskrif of Verhandeling:**

**Datum van afhandeling:**  **Uitslag:**

### **Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

Die samelewing bestaan uit verskeie organisasies en het leiers en volgelingen waarbinne leierskap plaasvind. Leierskap vind in verskillende kontekste en omgewings plaas en die aard daarvan word bepaal deur die optrede van die leiers en volgelingen binne die konteks. In skoolverband manifesteer die skoolhoof se leierskap veral deur middel van sy of haar leierskapstyle. Die leierskapstyle word aangepas na gelang van die konteks en omgewing waarin die skool gevestig is. Die navorsingsvraag wat in hierdie navorsing gestel word, is: Watter skoolhoofleierskapstyle is die mees geskikte om 'n positiewe skoolklimaat en leerderprestasie tot gevolg te hê? Ten einde vas te stel wat die leierskapstyle van hoofde in die 72 skole wat deel uitgemaak het, is, is gebruik gemaak van die Multiple Leadership Questionnaire (MLQ). Die meetinstrument bestaan uit 36 vrae en bepaal of hoofde 'n transformerende, transaksionele of passief-vermydende leierskapstyl toepas. Die aard van 'n skoolhoof se leierskapstyl speel 'n rol by die skoolklimaat, oftewel die atmosfeer waarin onderwysers hulle werk verrig. Skoolklimaat staan nie los van skoolkultuur, gedrag, verhoudings en leerderprestasie nie. Die gedrag van die skoolhoof, onderwysers en leerders in die skool bepaal of die skoolklimaat gesond is. Ten einde die skoolklimaat te bepaal, is die Organizational Climate Description Questionnaire-Rutgers Secondary (OCDQ-RS) gebruik. Die meetinstrument bestaan uit 34 vrae en word in vyf faktore ingedeel wat die skoolhoofde en onderwysers se belewing van hul skoolklimaat meet. Beide vraelyste is in 72 skole onder skoolhoofde en onderwysers in KwaZulu-Natal versprei. Hierdie steekproef is op wetenskaplike wyse bepaal ten einde verteenwoordigend te wees van skole in KwaZulu-Natal. Die Wiskunde-uitslae van 2013 van die Nasionale Senior Sertifikaat en die leerdergetalle en kwintielstatus van die sekondêre skole in Suid-Afrika vir 2013 is gebruik om die 72 skole vas te stel ten einde die beste verspreiding van gemiddeldes in die Nasionale Senior Sertifikaat te bepaal. Die doel was om vas te stel in watter mate skoolhoofleierskapstyle en skoolklimaat 'n invloed op leerderprestasie het. Uit die 72 skole het 56 skoolhoofde en 289 onderwysers gereageer.

Die data is aan die hand van 'n aantal statistiese tegnieke en prosedures ontleed om die persepsies van die skoolhoofde en onderwysers ten opsigte van die skoolhoofleierskapstyle en skoolklimaat vas te stel. Faktoranalise is toegepas om die konstruegeldigheid van beide vraelyste in die Suid-Afrikaanse steekproef aan te dui en beide vraelyste is as statisties betroubaar in die Suid-Afrikaanse konteks bevind. Die resultate dui daarop dat die transformerende en transaksionele leierskapstyle die mees gepaste leierskapstyle blyk te wees om leerderprestasie in die skole in hierdie studie te bevorder. Die vertrouensgedrag van die skoolhoof dra die meeste by tot 'n positiewe skoolklimaat asook die betrokke en vertrouensgedrag van die onderwysers. Ten opsigte van leerderprestasie blyk dit dat vertrouensgedrag van die skoolhoof as klimaatspek maksimaal bydra tot leerderprestasie. 'n Interessante bevinding is gemaak naamlik dat hoe minder onderwysers met mekaar sosialiseer, hoe beter presteer die leerders. Dit kan daaraan toegeskryf word dat onderwysers eerder aan die leerders aandag gee as aan hulle kollegas.

Ek noem graag die volgende:

- 'n Artikel uit die studie is in Tydskrif vir Geesteswetenskappe geplaas.
- Tans is daar drie ander artikels uit die studie by drie joernale vir oorweging om geplaas te word.
- Die data van die studie is gebruik vir aanbiedinge by 2 internasionale konferensies (2016 International Research Conference Calgary, Canada 2016; The European Conference on Educational Research, Copenhagen, Denmark 2017)
- Die data van die studie is gebruik vir aanbiedinge by 3 nasionale konferensies (SAERA 2016; EASA 2017; EASA 2018)

Telkens besef ek hoeveel die beurs vir my beteken het. Ek is so dankbaar.

Met julle ander befondsing is ek besig met 'n projek waarvan fase 1 afgehandel is en ses artikels is ingestuur na Litnet. Fase 2 van die projek begin Meimaand. Die projek hou indirek verband met die PhD-studie.